

Bevry Eskom van homself

2009/11/14 11:39:00 PM

Jan de Lange

Bevry Eskom van homself.

Die ergste direksiegevegte by Eskom is hopelik agter die rug. Dit het die fokus verskuif weg van Eskom se enorme bedryfs- en finansieringsprobleme en die komende aansoek om tariewe vir drie jaar agtereenvolgens met 45% te verhoog.

Mense sê dit is onvermydelik – die verhogings sal moet kom as ons in die toekoms genoeg elektrisiteit wil hê.

Snert.

'n Mens moet in gedagte hou dat dié aansoek net is om Eskom se bestaande bouprogram van R385 miljard te finansier, maar die land het heelwat meer elektrisiteit nodig sodat die eintlike kapitaalvereiste nader aan R1 000 miljard oor die volgende 10 jaar is.

En as jy na staatsfinansies kyk, is dit duidelik dat Eskom se balansstaat (totale langtermynskuld van sowat R70 miljard) 'n onmoontlike situasie geskep het.

Die staat se leningsvereistes gaan oor die volgende vier jaar styg van R35,8 miljard in 2008-'09 tot R145 miljard in 2012-'13. En die leningsvereistes van openbare ondernemings, waarvan Eskom s'n verreweg die grootste is, styg van R53,2 miljard tot R115,8 miljard in 2012-'13. (Sien bygaande tabel.)

As Suid-Afrika sy toekomstige kragentrales met tariefverhogings wil finansier, wag 'n krisis op die land wat die een in Januarie 2008 mak gaan laat lyk.

Ons het een van die mees elektrisiteitsintensiewe ekonomieë ter wêreld, juis omdat ons goedkoop elektrisiteit het. In ontwikkelde lande, waar elektrisiteit heelwat duurder is as hier, word elektrisiteit meestal net vir beligting en ander huishoudelike behoeftes gebruik. Gas, olie en ander energiebronne voldoen in sulke lande aan die meeste nywerheidsenergiebehoefte.

Die prysverhogings wat Eskom nou voorstel, gaan boonop nie die laaste wees nie. Om verbruikers vooraf te laat betaal vir toekomstige kragvermoë gaan die land se ekonomiese groei wegvreet en ons werkskeppingsvermoë vernietig.

Ander uitweë is moontlik, eintlik noodsaaklik, omdat die finansieringsmodel wat Eskom voorgestel het, onvolhoubaar is.

En daar is ander uitweë – logiese en taamlik ooglopende alternatiewe: Bring mededinging in die prentjie, kry private rolspelers om kapitaal in elektrisiteitsopwekking te belê en sorg dat daar 'n doeltreffende reguleerder van die bedryf is.

Volgens kenners is een van die maniere om bestaande kragstasies aan operateurs te verkoop en die opbrengs te gebruik om ander infra-struktuur te bou.

'n Mens kan nie daarmee stry nie dat die regering beheer oor die elektrisiteitsbedryf sal moet behou as hy ekonomiese ontwikkeling wil aanhelp soos die ANC graag in sy planne vir 'n "ontwikkeling-staat" wil hê. Die staat sal die verskaffing en die pryse aan verbruikers moet beheer.

Staatsbeheer oor die transmissienetwerk is ook noodsaaklik om Suid-Afrika aan ander, skoner kragbronne op die vasteland te verbind wanneer projekte soos die Inga-projek in die Demokratiese Republiek van die Kongo gebou word.

Met die transmissienetwerk onder sy arm is die regering in die regte posisie om met vennote te onderhandel oor die uitbreiding van opwekkingsvermoë (kragentrales), mededinging aan te moedig en koste af te dwing en finansiering te verkry. Al die laste word van die staat af weggeskuif.

Dit is onnodig dat die staat kragopwekkingsvermoë ook besit. Dit is verreweg die duurste infrastruktuur in die netwerk.

Die regering het in Desember verlede jaar afgesien van planne om nog kernkragentrales te bou omdat dit te duur is. Maar Areva, die Franse kernkrag-maatskappy wat Koeberg gebou het, sal vandag bitter graag Koeberg wil koop, veral as dit hom 'n voet in die deur gee om 'n tweede, private kernkragentrale in die Wes-Kaap te bou. Maar Duitse, Franse en Amerikaanse maatskappye wat steenkool, gas en hidro-kragentrales elders ter wêreld bedryf, wil bitter graag by Afrika, veral Suid-Afrika, betrokke raak. Die meeste van hulle is kopers van Suid-Afrikaanse steenkool. Onder hulle tel E.On van Düsseldorf en RWE van Essen, albei in Duitsland. Dit is enorme maatskappye wat hul eie projekte finansier met langtermynskuld. Hulle het toegang tot die kapitaalmarkte en kundigheid om dié markte te benut. 'n Realistiese prys vir 'n steenkoolkragentrale is dubbel die huidige boekwaarde, wat in die geval van Suid-Afrika se grootste sespak-kragentrales minder as R60 miljard sal wees. (Dit kos nou R120 miljard om Medupi, Eskom se nuwe kragentrale by Lephalale, te bou.)

Dit is 'n winskoop vir sulke maatskappye. Dit sluit personeel en kundigheid in om die kragentrale te bedryf. Om daarby 'n opsie in te sluit vir die bou van 'n tweede kragentrale is vir dié operateurs eintlik 'n aanbod wat hulle nie kan weier nie.

En dit is onnodig om elektrisiteit by hulle te koop teen 80c/kWh soos Eskom voorstel. 'n Verhoging van 25% van Eskom se huidige gemiddelde tarief van 44c/kWh sal selfs 'n sonkrag-kragentrale op 'n winsgewende voet plaas.